BLOEMFONTEIN BAPTISTE

Datum: ______________________

# GROTER BETER DIEPER

## DEEL 2: BETER GEWOONTES

*"If you take all your good habits and subtract your bad habits, that equals your contribution to society."*
**Benjamin Franklin**

## Oefen in Toewyding

**1 Timoteus 4:7-8** Maar van onheilige en sinlose verdigsels moet jy wegbly. Oefen jou liewer om in toewyding aan God te lewe. [8] Om jou liggaam te oefen, het wel 'n bietjie waarde, maar om in toewyding aan God te lewe, het in alle opsigte groot waarde, want dit bevat 'n belofte van lewe, vir nou en die toekoms.

**Hebreërs 5:11-14** In verband hiermee het ons baie te sê wat moeilik is om aan julle te verduidelik, aangesien julle so traag is om te leer. [12] Hoewel julle teen hierdie tyd self reeds onderrig behoort te gee, het julle weer nodig dat iemand julle in die grondwaarhede van die woord van God moet onderrig. 'n Mens moet julle met melk voed en nie met vaste kos nie. [13] Iemand wat nog van melk lewe, kan nie saampraat oor wat reg of verkeerd is nie, want hy is nog 'n kind. [14] Vaste kos is vir grootmense, vir mense wat oor insig beskik en wat deur ervaring geoefen is om tussen goed en kwaad te onderskei.

## Gewoontes vir die Jaar

**Titus 2:11-12** Die genade van God wat verlossing bring, het immers aan alle mense verskyn. [12] Dit voed ons op om die goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe

1. Stel God ____________________

**Matteus 6:33** Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.

**Matteus 6:6** **N**ee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.

2. Verwyder die ____________________

**Hebreërs 12:1** …laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop

**Romeine 12:2** Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

**Efesiërs 4:22-24** Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. [23] Julle gees en gedagtes moet nuut word; [24] lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.

3. Neem ____________________ vir jou lewe

**Lukas 16:10** Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar; en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is ook in groot dinge oneerlik.

4. Skryf jou ____________________ neer

**Psalm 25:4** Maak my u wil bekend, Here, leer my u paaie.

**Habakuk 2:2(AFR20)** Die Here het my toe geantwoord; Hy het gesê: "Skryf die openbaring neer; skryf dit duidelik op kliptafels, sodat iemand dit maklik kan lees.

**Psalm 90:12** Leer ons ons dae so gebruik dat ons wysheid bekom.

5. Doen dit ____________________

**Spreuke 24:30-34** Ek het by 'n lui mens se land verbygestap, by 'n onverstandige mens se wingerd: [31] dit was heeltemal oortrek van die onkruid, toegegroei onder die bossies, en die klipmuur was omgeval. [32] Toe ek dit sien, het ek daaroor nagedink en daar iets uit geleer: [33] nog 'n bietjie slaap, nog 'n bietjie sluimer, nog 'n bietjie handevou om te slaap, [34] en daar kom jou armoede aangestap, daar oorval die gebrek jou soos 'n inbreker, sonder dat jy dit kan keer.

*Alle verse uit AFR83 behalwe waar anders aangedui*

6. ______________________

**Hebreërs 4:9-11** Daar wag dus nog steeds 'n sabbatsrus vir die volk van God, [10] want elkeen wat in die rus van God ingaan, rus van sy werk, net soos God van Syne. [11] Laat ons ons dan beywer om in daardie rus in te gaan, sodat niemand hulle voorbeeld van ongehoorsaamheid navolg en ook omkom nie.

**Markus 2:27-28** Jesus het verder vir hulle gesê: "Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die sabbatdag nie. [28] Daarom is die Seun van die mens Here óók oor die sabbat."

**Kolossense 2:16-17** Daarom moet julle nie dat iemand vir julle voorskrywe wat julle moet eet en drink nie, of dat julle die jaarlikse feeste of die nuwemaansfees of die sabbatdag moet vier nie. [17] Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus.

## Besluit wat is Belangrik

**Filippense 3:7-8** Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, [8] ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry

## Evalueer Gereeld

**2 Korintiërs 13:5(DB)** Nou wil ek ernstig met julle praat: gaan kyk 'n slag deeglik na julle eie lewe. Glo julle nog? Is Christus regtig in julle?

*Alle verse uit AFR83 behalwe waar anders aangedui*